
# WORCESTER ARBEIDSBEDIENING.

# NUUSBRIEF - APRIL 2023

## 1. Inligting

Arbeidsbediening het reeds in die tagtiger jare van die vorige eeu onder die vissers gemeenskap ontstaan en het later by die spoorweë en hawens. Oor die jare heen het dit verder uitgebrei en tans is arbeidsbediening werksaam in die hele Wes-Kaap, 'n groot deel van die Suid-Kaap en 'n deel van die Noordwes-Kaap, met 'n lyn vanaf noord van Springbok aan die Weskus, oor Beaufort-Wes tot by Plettenbergbaai aan die Suidkus. In dié gebiede is 'n aantal bedieningskomitees aktief besig om mense in en om hulle werksplekke te bedien.

### Bestuurskomitee vir Worcester


Links na regs: Natale Roelofse - Sameroeper: Gassie Carstens – Mentor: Kobus van den Bergh – Koördineerder

## 2. Ons visie en doel is.

2.1 Om die Evangelie van Jesus Christus met die waardes en deugde van God se Koninkryk in Worcester en Rawsonville se arbeidswêreld te help verkondig.

2.2 Ons werk saam met ander Christelike kerke en streef na eenheidsbediening

2.3 Ons wil graag `n gewete vir die markplein wees.

2.4 Ons bring die volgende na die werksplek:

- Woordbediening
- Ondersteuning
- Motivering aan personeel.

## 3. Hoe werk ons?

Vrywilligers wat verteenwoordigend van verskillende Christen gemeentes is, bring die Evangelie van Jesus Christus en bemoedigende boodskappe aan mense by hulle werksplekke. Die besighede en instansies kies self die tydgleuwe wanneer hul personeel bedien moet/kan word. Die bediening se frekwensies wissel van 1 tot 4 keer per maand en duur 10 tot15 minute.

## 4. Aktiwiteite en Statistiek

Van Arbeidsbediening op 1 Julie 2022 weer begin het en tot op 31 Maart 2023, het daar heelwat aktiwiteite plaasgevind wat ons graag met u deel.

- Die aantal besighede het gegroei van 24 tot 52.
- Die aantal besoekpunte per maand het gegroei van 41 tot 104.
- Die aantal vrywilligers (bedienaars) het gegroei van 11 tot 31.
- Die totale aantal boodskappe wat vanaf Julie tot Maart deur die bedienaars in die verskillende werksplekke bedien is, beloop sowat 587 verskillende boodskappe.
- Die totale aantal mense wat met hierdie boodskappe en evangelie (net daar waar hulle werk) bedien is, is sowat 10228.
- Kan `n mens jou nou vir een oomblik indink wat se impak dit op iemand se lewe by en in hul werksplek kan hê?
- Ons het vir 2023 `n struktuur met temas en boodskappe ontwerp, maar vra die bedienaars dat die Heilige Gees hul moet lei om `n bepaalde oggend vir `n bepaalde groep mense te sê wat die Here wil sê en nie noodwendig iets in ons temas nie.
- Ons kry terugvoere soos:
    - "Weet mevrou wat het vanoggend se boodskap vir my beteken?" sê `n werker vir haar werkgewer.
    - "Nou kan ek reg om te gaan werk" sê iemand en begin te loop toe die lofprysing en bediening klaar is.
    - "Vanoggend se boodskap was *spot on* vir die personeel" sê die kontak persoon.
    - "Ek het gevoel my bediening was vanoggend powerful, veral toe een van die dames emosioneel begin raak het" sê `n bedienaar.
- By ses van die besighede wat ons bedien is daar ook Dowe persone. Ons het as gevolg daarvan ook begin om daardie persone in hulle werksplekke te bedien met die hulp van ons bedienaars wat gebaretaal magtig is. Ons gaan eersdaags ook bedienaars gebruik wat self doof is.
- Tien van ons bedienaars word ook eersdaags opgelei om geakkrediteer te word as `n bedienaar van IMSA.

- Onthou en kom in die gewoonte om jul lofliedjies te gebruik en sing.
- Ons begin binnekort met `n projek om Bybels te voorsien vir diegene wat in ons bediening `n behoefte daaraan het. Indien persone/besighede wil help met die borg daarvan sal dit baie help. Die aankope daarvan by die Bybelgenootskap beloop ± R 75 per Bybel. Ons sal moontlik `n groter aanvraag hê vir Engels en Xhosa Bybels.
- Indien besighede of individue arbeidsbediening ook finansieël wil ondersteun, (maandeliks of eenmalig), sal dit baie waardeer word. Sien die bankbesonderhede onder. (Dui net aan waarvoor u gee asseblief.)
  **Bankbesonderhede: Handel en Nywerheid. Absa. Worcester. Spaar. Rek no. 38069630313**

## 5. `n Klompie fotos van mense in hulle werksplekke.

Kings Cycle en Ackermans(Hoogstraat)






APL Cartons en KwikSpar Breedevallei






Boublok en Afrimat





Chrisma slaghuis (Rawsonville) en Huis Lafras Moolman





Dischem en Sunset Suppliers






Worcester Shopfitters en BGJ Nortje Ouditeure






Plekke soos Bottelering, Pionier Drukkery en SAP Rawsonville word daar vooraf lekker lofliedjies gesing.
By die SAP in Rawsonville begelei Malinda Ferreira(onder) ons elke keer met haar kitaar. Ander foto is De Jagers in die Mall





## 6. Fotos van Bedienaars.

`n Paar fotos tydens van ons bedienaars se vergaderings waar hulle naambordjies, sertifikate en boekies ontvang het. Elke bedienaar dra naambordjies soos hieronder. Stop so persoon en vra bietjie uit oor arbeidsbediening.














Willie en Yvvone van der Merwe van Road Ministries is weer deel van ons span





WAB bedienaars tydens `n vergadering



- Baie dankie vir alle werkgewers en bestuurders van besighede en instansies wat hulle personeel beskikbaar stel vir arbeidsbediening. Ons glo dat die aantal boodskappe, die frekwensie daarvan deur verskillende bedienaars - betekenisvol vir mense in hul werksplek is. Dan weet ons ook nie eers wat die Heilige Gees met dieselfde mense gedoen( of besig is) om te  nie
- Baie dankie vir al ons bedienaars wat so getrou, entoesiasties en vrywillig arbeidsbediening doen.
- Indien iemand bewus is van ander besighede/instansies wat deel wil word van arbeidsbediening of weet van persone wat as bedienaars sal/wil funksioneer, kontak my gerus.

Kobus van den Bergh
arbeid8@gmail.com
0824596316

***Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei***

***Johannes 7:38***

===========================================================